

WETENSKAPLIKE MEDEDELINGE.

(a) NADERE GEGEWENS AANGAANDE DIE JERUSALEMSE BOEKROLLE.

Ter aanvulling van my artikel in jaargang 5 afl. 4 kan nou die volgende vermeld word. Die vierde rol wat in bande van die Siriese klooster gekom het en vandaar vir ondersoek na Amerika gestuur is, het geblyk nie in Hebreeus nie maar in Aramees geskryf te wees en gedeeltes van die apokriewe boek Henoch te bevat, wat soos bekend is so 'n belangrike geskrif vir ons verstaan van die Nutestamentiese gedagte-wêreld veral aangaande die term „Seun van die mens” is en in die brief Judas vs. 14 en 15 aangehaal word. Totsover was alleen 'n Griekse (onvolledig), Etiopiese en Slawiese teks van hierdie uiters belangrike apokrief bekend; wel is deur die meeste ondersoekers aangeneem dat die boek oorspronklik of in Hebreeus of in Aramees geskryf is. Hoe verblydend sou dit wees as ons nou werklik in besit van 'n teksvorm gekom het wat die oorspronklike teks verteenwoordig.

Die ondersoekings aangaande die ouderdom van die rolle het goeie voortgang gemaak. Dr. JOHN C. TREVER gee in BASOR Nr. 113 (Febr. 1949) 'n besonder oriënterende lys van skriftekens en kom in sy artikel „A Palaeographic Study of the Jerusalem Scrolls” tot die gevolgtrekking dat die Jesajarol en die „Sektariese Dokument” die oudste is en wat skrifvorm betref die naaste aan mekaar staan, die Habakkukkommentaar en die Aramese rol jonger en eweso die later invoegings in die Jesajarol, en hy dateer hulle nou by benadering as volg: die Jesajarol ongeveer 125–100 voor Chr., die Sektariese dokument ongeveer 75 v.C., die Habakkukverklaring en Aramese fragmente 25 v.C. tot 25 na C. 'n Ondersoek van die Joodse paleograaf Dr. SOLOMON A. BIRNBAUM in dieselfde nummer plaas die Jesajarol selfs nog 'n halwe eeu ouer nl. in die eerste helfte van die 2de eeu v.C. Daar skyn dus alle rede te wees om TREVER by te stem as hy die Jesajarol die oudste bestaande Bybelmanuskrip in enige taal noem.

Die gedagte dat die grot waarin die manuskripte gevind is die geniza of rommelkamer van die Joodse sektariese gemeenskap sou gewees het (soos deur DR. SUKENIK uitgespreek) moet waarskynlik opgegee word; dit is waarskynliker dat hulle met opset so sorgvuldig ingepak is toe die gemeenskap na elders gevlug of verhuis het in die hoop om hulle later in gunstiger tye weer op te spoor en die veronderstelling van PROF. P. KAHLE dat die wegsteek verband hou met 'n verbod van die ortodokse Jodedom van die 1ste eeu na C. om sektariese geskrifte en nie-kanonieke Bybeltekste in besit te hê, vind meer byval. Verband tussen die groep aan wie die rolle behoort het en die „Gemeente van die Nuwe Verbond in die land van Damaskus” word sterk beklemtoon deur DR. I. L. SEELIGMAN van die Universiteit van Amsterdam in sy uitvoerige bespreking van die Sukanikse uitgawe in Bibliotheca Orientalis VI, I (Jan. 1949).

Uit die voortgesette artikel van PROF. BURROWS „Variant Readings in the Isaiah Manuscript” in die genoemde nummer van BASOR noem ek die interessante lesing in Jes. 43 : 19 waar i.p.v. „Ja, Ek maak 'n pad in die woestyn, r i v i e r e in die wildernis” in die manuskrip staan „Ja, Ek maak 'n weg in die woestyn, p a a i e in die wildernis” (die riviere word dan eers in die volgende vers genoem). In Jes. 45 : 8 lees die manuskrip i.p.v. die moeilike: „Laat heil vrugbaar wees” (*jifrú jěša'*) die baie verstaanbaarder „Laat heil uitspruit” (*jifrah jěša'*)—soos trouens reeds die Afrikaanse Bybelvertaling by konjektuur lees!

Dis verblydend om te verneem dat waarskynlik nog in die loop van vanjaar 'n facsimile en teksedisie van die vier manuskripte wat die American Schools in bewerking het, sal verskyn.

Staan ons aan die vooraand van nog meer verrassings aangaande die inhoud van die beroemde grot? Die van ons lesers wat die weekblad van die Nederlandse Hervormde Kerk lees sal met belangstelling van die drie artikels van PROF. BEEK van Amsterdam oor die handskriftevonds

kennis geneem het en veral van die van 30 April met die opskrif „Nog meer oude handschriften. Vondst van Belgisch officier aan de Dode Zee” waarin hy verwys na ’n mededeling van PROF. G. RYCKMANS van Leuven aan die Académie des inscriptions et belles-lettres te Parijs op 8 April dat ’n Belgiese offisier luitenant LIPPENS in Februar-Maart deurgedring het in ’n grot 12 km. suid van Jerigo en 2 km. wes van die Dode See en daar skerwe van ’n dertigtal kruike gevind het en stukke perkament en papiirus. Gelukkig het die luitenant onmiddelik sy bevin-dinge meegedeel aan Père de Vaux, hoof van de Ecole Biblique van die Dominikane te Jerusalem. Waarskynlik is dit wel dieselfde grot as waar die nou reeds beroemde „Jerusalemse Boekrolle” uit afkomstig is. Hoofstukke 22 en 19 van die boek Leviticus skyn reeds herken te wees. So bly die aandag strak gespanne op wat ons nog uit die eensaamheid van die omgewing van die Dode See te wagte mag wees. Tereg het SEELIGMAN ons gelukkig geprys wat behoort tot ’n generasie wat met so’n verryking van kennis en insig begunstig is!

(b) WETGEWING EN PRYSBEHEER OMSTREKS DIE JAAR 1949 VOOR CHR.

’n Tweede belangrike ontdekking vra op die oomblik die aandag van Orientaliste en Outestamentici en trouens van almal wat in die agtergrond van die Ou Testament belangstel, en wel uit die ou Mesopotamië, die teenwoordige Irak. Hierdie jong staat in die ou land met sy nou meer as 5,000 jare nawysbare geskiedenis het teenswoordig sy eie Departement van Oudhede met sy direkteur DR. NAJI AL-ASIL. Onder sy leiding het sinds 1945 die Irakse oudheidkundige TAHA BAQIR opgrawings verrig op ’n klein heuweltjie aan die suidelike grens van die hoofstad Bagdad met die naam Tell Abu Harmal. Reeds honderde kleitafeltjies het hier aan die lig gekom, waaronder ’n groter een van 10.5 by 20 cm. met besonder klein en daardeur en deur sy gehawende toestand baie moeilik te vereenselwige inhoud. Nou het egter einde 1947 ’n tweede tafeltjie, die onderste helft van ’n tablet van groter afmeting, nl. 12 by 11.5 cm., uit dieselfde opgrawingslaag te voorskyn gekom, wat leesbaarder was en geblyk het ’n gedeeltelike kopie van die eersgenoemde te wees, altans ongeveer ’n selfde teks te bevat. Hierdie twee tafeltjies het vir ons nou die oudstbekende wetgewing verskaf, 250 jaar ouer as die beroemde Hammurabiwettekodeks. Die hoogleraar PROF. A. GOETZE van die Yale Universiteit van Amerika, wat aan die American School of Oriental Research in Bagdad tydelik werksaam was, het in die begin van 1948 tot hierdie ontdekking gekom en na voorlopige mededeling in die Irakse tydskrif Sumer, jaargange II en III, in jaargang IV die teks en vertaling van hierdie wette gepubliseer. Dit blyk die wetgewing te wees van die klein staat Eshnunna waarvan die hoofstad van dieselfde naam 50 km. noordoos van Bagdad gelê het, teenwoordig Tell Asmar genoem. Die wet is blykens die inleiding uit-

gevaardig tydens die regering van koning Bilalama, 'n tydgenoot van die bekende IIIde dinastie van Ur.

PROF. DR. M. DAVID, hoogleraar in die Antieke en Oosterse regs-geskiedenis aan die Universiteit van Leiden gee in sy studie „Een nieuw-ontdekte Babylonische wet uit de tijd voor Hammurabi”, Uitgawe van-wege de Stichting voor Niet-Westers Recht, Leiden, Brill 1949, belangwekkende besonderhede aangaande die inhoud en betekenis van hierdie oudste wetgewing en kondig daarin aan dat 'n uitvoeriger bewerking deur hom in samewerking met PROF. GOETZE sal verskyn. Ek ontleen hieraan die meeste van die volgende gewens.

Die wet is in Akkadies, die Semitiese taal van ou Babilonië geskryf. Na 'n kort inleiding van 7 reëls volg 59 paragrawe, miskien oorspronklik 61 of nog meer. Ewemin as die wettekodes van Hammurabi en die oudste gedeelte van die Mosaiese wet, die sgn. Verbondsboek, globaal Ex. 21–23, is dit 'n volledige wetgewing; alleen bepaalde gebiede en gevalle word behandel. Ook in hierdie opsig vertoon die drie wetgewings ooreenkoms dat hulle nie—soos dikwels veral van die Israelitiese wette beweer is—kodifikasie van gangbare, geldende regsgewoontes is nie, maar veeleer regshervormings op bepaalde gebiede en (soos DAVID dit formuleer) beslissings oor twyfelagtige of in onbruik geraakte gewoontes. Hierdie bevinding is na my mening belangrik vir die regte insig in die Israelitiese wettecodices. Dat die wet van Eshnunna 'n hervorming van die maatskaplike lewe bedoel blyk ook hieruit dat in die wetgewing die vasstelling van allerlei pryse en lone opgeneem is en wel reeds in die eerste paragrawe. Dit is dus skeppende reg en nie gewoontereg nie wat in hierdie wetgewing gegee word. Koning Bilalama van Eshnunna was trouens nie die eerste heerser van Tweestromeland wat as hervormer onder sy volk opgetree het nie. Reeds eeue, miskien reeds vyf eeue voor hom het die Sumeriese priestervors van die stad Lagasj met die naam Uru.ka.gina sosiale hervorminge in sy ryk tot stand gebring en wel soos hyself duidelik en onomwonde verklaar ten behoeve van die armer en onderdrukte dele van die bevolking (sien die tekste op bl. 44–57 by F. THUREAU-DANGIN, *Die sumerischen und akkadischen Königsinschriften*, Leipzig 1907).

'n Ander in die oog lopende kenmerk van hierdie ou wetgewing is dat dit nie 'n strak sistematiek vertoon nie, maar dat dikwels die onderwerp van 'n regstitel onderbreek word deurdat 'n toevalligerwys daarin voorkomende saak of persoon die aandag van die wetgewer trek en die aanleiding word dat nou eers een of meer bepalinge dáaraan gewy word. So word bv. die bepalinge aangaande maksimumtariewe vir die huur van 'n skip onderbreek deur artikels oor nalatigheid van die skipper, en die opsomming van tariewe oor die loon van landarbeiders deur strafbepalinge oor diefstal en inbraak. Dergelyke deurbrekinge van die sistematiek van die wette vind ons in die Verbondsboek van Israel (PROF. DAVID verwys tereg na die vss. 33v. in Ex. 21 en na vs. 9 in Ex. 22).

By die huweliksreg is daar groot ooreenkoms tussen al die oud-Oosterse wette insover dit die grondbeskouing betref, nl. dat die vrou deur die huwelik oorgaan uit die gesagsfeer van haar eie familie in die van die familie van haar man; die beslissende moment is die oorhandiging van die teengeskenk (bruidsgeskenk) deur die bruidegom of sy vader aan die vader van die bruid; vanaf daardie moment geld die bruid as getroud ook al bly sy nog in die huis van haar vader. Hierdie teengeskenk word in die pas gevonde wet netsoos as in die Hammurabi-wet en in die Midde-Assiriese wette *tirhatum* genoem, in die Ou Testament *mohar*. Merkwaardig is nou dat die Israelitiese en die Midde-Assiriese wet die beginsel streng deurvoer en aan die vader van die bruid nie toestaan om die gesluite huweliksooreenkoms te verbreek nie, terwyl die pasgevonde wet eweas die Hammurabi-kodeks en die Hetitiese wetgewing dit teen betaling van 'n boete (in Eshnunna die dubbele bedrag van die teengeskenk) toelaat.

'n Gebruik wat gelyk op die Oudtestamentiese reg van lossing d.i. van weer inkoop deur die vroeëre eienaar wat verarm is self (of deur sy naaste bloedverwant; sien Lev. 25) word ook in die wet van Eshnunna aangetref hoewel onder ander omstandighede.

Vir die veelomstrede uitdrukking in Ex. 22 : 7 v. wat die Afrikaanse Bybelvertaling weergee met „na die owerhede gaan (of bring)” (vgl. Ex. 21 : 6) en wat beter weergegee word met „na die Godheid” verskaf die pasontdekte wet 'n belangrike parallel en verduideliking. Dit gaan oor die ontvreemding van in bewaring gegewe goed; as die dief nie gevind word nie, dan moet die man in wie se huis die goed in bewaring gegee is „na die Godheid gaan (om te beslis) of hy sy hand nie uitgesteek het na sy naaste se goed nie”. Die Eshnunna-wet het hier die bepaling dat wanneer behalwe die in bewaring gegewe goed ook goed van die inbewaringnemer gesteel is, hierdie persoon by die godheid moet sweer dat hy geen misdad gepleeg het nie, waarop hy van alle verantwoordelikheid ontslaan is. Die „na die Godheid gaan” van Ex. 22 beteken dus soveel as voor die Godheid verskyn en daar die suiweringseed aflê.

Eweas die Israelitiese wet van die Verbondsboek bevat ook die wetgewing van koning Bilalama bepalings oor 'n stoterige stier, met sowel treffende ooreenkomste as kenmerkende verskille. Maar bepalings aangaande 'n dolle hond soos in die Akkadiese wet bevat die Verbondsboek nie.

Opmerklik is die verskil in die behandeling van slawe in die Israelitiese wette en by die Babiloniërs. PROF. DAVID verklaar tereg: Die posisie wat die slaaf in die oud-Babiloniese samelewing inneem is volgens die Hammurabi-kodeks ver van gunstig; hierdie wet hou hom nl. in beginsel alleen in so ver met die slaaf besig as dit om die geldelike belange van sy heer gaan. Heeltemal anders by die Israeliete by wie die slawe 'n uitgesproke humane behandeling ondervind. Ook die nuut-

ontdekte wetgewing skyn wat die slawe betref dieselfde strekking te hê as die Hammurabi-wet en alleen hulle eienaars teen verliese te beskerm. PROF. DAVID verklaar die verskil in die behandeling vernameklik uit die verskil in ekonomiese omstandighede. Die meer ingewikkelde en ontwikkelde ekonomiese lewe van die Babiloniese handelstate was ondenkbaar sonder die gebruik van groot aantalle slawe, wat in groot skare as arbeidsmateriaal ingevoer is. In Israel egter met die klein bedryf sowel op gebied van landbou as handel en nywerheid, was die behoefte gering en is die slawe vernameklik uit krygsgevangenes en verarmde persone gerekruteer. Deur die klein aantal slawe was dit ook verklaarbaar dat hulle tot die familie gereken is en tot die godsdienstige gebruike toegelaat is. Dit sou 'n belangwekkende ondersoek wees om na te gaan in hoever PROF. DAVID hier juis sien. Van Abram word in Gen. 14 : 14, 318 in sy huis gebore „bediendes” vermeld; dis nie so'n klein getal nie. Sou ons ook nie die geskiedenis van Israel en sy herinnering aan die slawetyd in Egipte in aanmerking moet neem nie, soos duidelik in die Tien Gebooue geskied—tenminste in die Deuteronomiese redaksie daarvan. En hang die humane beskouing en behandeling van die slawe in Israel ook nie met die sterk godsdienstige invloede in die regslewe van Israel saam nie—soos PROF. DAVID by 'n ander geval self konstateer?

Die sorg vir die nalewing van die wet is in Eshnunna sowel as in die Babilonië van Hammurabi se tyd amper heeltmaal in hande van die owerheid gelê. Dit vertoon 'n belangrike onderskeid met die posisie in Israel, waar hierdie sorg nog in baie gevalle aan die familie van die benadeelde oorgelaat is, in verband waarmee die bloedwraak in Israel in stand gehou is.

Die staats- en maatskappyvorm van Eshnunna vertoon 'n sterk in die koning gesentraliseerde en gekonsolideerde karakter. Hoe sterk die mag van die staat ingryp tot selfs in die ekonomiese lewe blyk uit die groot reeks tariewe wat in die begin van die wetgewing vasgelê word, en wat maksimumpryse vir die eerste lewensbehoefes soos graan, olie, vet, wol, sout en koper vasstel asook vir vrywel alle werk wat in die toenmalige maatskappy verrig is soos die huur van 'n kar, osse en drywer, van 'n skip en skipper en arbeidslone vir werksaamhede op die land soos oes en dors.

Wel tereg sê die Prediker: „Is daar iets waarvan mens kan sê: Kyk hier, dit is nuut? Dit was lankal daar in die ou tyd wat voor ons gewees het”. Naas prysbeheer het ons in hierdie ou tyd ook reeds 'n vorm van staatsinrigting wat staatssozialisme genoem kan word (sien PROF. DR. F. M. TH. BÖHL Mededeelings Kon. Akad. v. Wetenschappen, Afd. Letterk., Dl. 76, Serie B, No. 9, bl. 5 en 13) al was dit op sakrale, teokratiese grondslag (die Godheid is beskou as die eienaar van die hele land met al sy besittings en dit word deur die priesterskap met die oriëntervors aan die hoof vir Hom beheer). Privaateiendom het alleen bestaan in roerende goed en stadshuise en -tuine. Die arbeid was streng

sentraal georganiseer en deur die bedryfspersoneel van tempel en paleis beheer. Die hele bevolking was na stande of bedrywe ingedeel: handwerksmense, handeldrywendes, arbeiders, militêre. Elke groep het onder sy eie leidende funksionaris gestaan wat direk van die staatshoof afhanklik was. Dit was dus soiets as wat ons teenswoordig 'n korporatiewe staat sou noen soos wat die fascisme wou verwesenlik. En die ekonomie van hierdie staat was wat ons nou die geleide ekonomie noem.

Staatssosialisme, korporatiewe staat, geleide ekonomie, prysbeheer sowel in die twintigste eeu voor as na Christus: voorwaar „daar is glad niks nuuts onder die son nie!”

4 Julie 1949.

B. GEMSER.
